

19 Augustus

Skrifgedeelte: Romeine 11:25-36
Fokusgedeelte: Romeine 11:29, 30

Goeie nuus: God se verlossingsplan kan nie gestuit word nie

As jy Romeine 11:25-36 die eerste keer en selfs die tweede keer lees, sal jy moet erken dat dié verse nie van die bekendste in die Romeinebrief is nie. Hierdie verse gaan oor die toekoms van die Joodse volk.

As Paulus hieroor skryf, doen hy dit om die Christene uit die heidennasies teen selfversekerdheid te waarsku. Hy doen dit om aan te dui hoe Jode en nie-Jode mekaar kan bevoordeel. God se genadebewyse aan die een groep bevoordeel mettertyd ook die ander groep.

Dit is 'n "geheimenis", maar lees 'n mens verse 28-32, verstaan jy dat die hooflyne van God se handeling in die geskiedenis daarin saamgevat word. *Die boodskap, die goeie nuus is dat die Here onwankelbaar getrou bly aan Homself én aan elkeen wat Hy uitverkies het.* Ons hemelse Vader gebruik die Jode se ongehoorsaamheid om die seën van die boodskap van vryspraak na die heidene te bring. As Hy dié doel egter bereik het, sal Hy Hom weer 'n keer oor Israel ontferm (vs 31).

God se genade bly altyd genade. Juis dié waarheid moet jy uitdra en in die wêreld vertel. Hoe jou Here se "geheime" werk, is bedoel om aan alle mense te vertel. Vir jou mag dit nie altyd menslik logies wees nie, maar jy moet ook besef dat God se plan wat vryspraak beteken, onstuitbaar voortgaan. Is daar iemand wat Hom kan voorskryf wat om te doen? Wie ken God se planne? Wie is in staat om sy optrede te verstaan? Niemand in die hemel of op die aarde het soveel wysheid en insig soos God nie. Daarom dat alle gelowiges uit alle volke uiteindelik sal deel in die beloftes wat God aan Abraham toegesê het – deur die geloof in Jesus Christus, die enigste ware Middelaar en Verlosser.

Die Here werk op sy manier. Erken dit en glo dit en sê elke dag aanbidkend op jou knieë (11:36): "Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid." Dank Hom só vir jou vryspraak en vir dié van al sy kinders.

Sing: Skrifberyming 24:4, 5

Dr. PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)